

Skilder met woorde – Lirieke van Anton Goosen se liedjies

jantjie

jantjie, kom huis toe,
katryntjie wag op jou.
jantjie, kom huis toe,
die kaap is leeg sonder jou.
my ghantang van die onder-kaap,
as die mammies op hul hakke loop,
wie kan dit hou, my dear,
wie kan dit dan hou?
vat my hand en neem my saam
na die dixieland vanaand,
jantjie, van die onder-kaap.
jantjie, sy is lief vir jou.



hanoverstraat

loop saam, saam deur my lewe,
saam deur hanoverstraat.

as die moppies met kaparrangs daar saamsing:

“dina kanakia!”*

beestepote en ’n lekker afvaltjie

koop ons in hanoverstraat

as die fahfee-man ons nommertjie uithaal,

dan hoor ons weer die oubaas praat.

kadoesies in die wind waai tot onder in die kaap

en die nonnies swaai die lyfies dat die kraaie gaap.

stap net ’n entjie en ek wys jou waar’s die kaap

hier bo en onder langs my in hanoverstraat,

die ghommadromme klap daar in hanoverstraat.

hier bo en onder langs my in hanoverstraat.

*.

waterblommetjies

waterblommetjies in die boland,
waterblommetjies in die kaap.
maak die bredie net soos in die wynland
en sê jy's baie lief vir my voor jy gaan slaap.


daardie wind waai weer by my voordeur in
en hy maak my hart mos aan die sing:
dis lekker om die kaap weer dag te sê.

en ek vat jou saam na die koringland,
wie ry saam as my hart so brand
dit is lekker om die boland lief te hê.


van hunks het al sy pyp gestop,
tafelberg se hoed is op
en die bergies begin al huis se kant toe staan.

groenpuntoring knip sy oog,
die suidoos maak so 'n wye boog
en die waalpad help jou as jy huis toe gaan.

want die luggie hier is vry waar my hart heelyd wil bly
en ek wil my langs oumies victoria neer gaan vly
laat ons deur die tuine loop
by die parade iets gaan koop
as die wind so koud waai
laat ek eers gou jou jas vasknoop



o kaap, o kaap, o, mooiste kaap,
jy maak my hart weer baie seer,
jou ghangang kom mos altyd weer en weer.



die mayflower het uitgevaar,
gaan snoek haal daar by houtbaai, waar
karbonkelberg die stormsee gewaar.

drie skepsels het by dassiepunt
na die ster gekyk en teen die wind
in voet geslaan en die stralekrans aangegee

en hul't teruggekeer na tafelbaai
en op duiwelspiek vir die engel gewaai
en die engel het trane uit sy oë gegee.



umfaan

umfaan, sy roep na jou.

umfaan, sy's lief vir jou.

umfaan, dis haar hart, onthou.

umfaan, bayete, umfaan!

hardloop na die waters van die groot umfolozi,

daar wag die mooiste meisie vanaand.

gebruik hierdie muti, só sê inyanga,

gaan haal haar met die sekelmaan!

hardloop na die waters van die groot umfolozi.

inyanga, grootste dokter, het gesorg

vir toorgoed van die hart, ja, só sê inyanga,

gaan haal haar met die sekelmaan.

hardloop na die waters van die groot umfolozi.

umfaan speel sy penniefluitjie vanaand

want sy is die een wat sy hart so roer,

met sekelmaan gaan hy haar haal.

umfaan, hamba kahle,

umfaan, kahle, umfaan!



harlekyn

bring vir die harlekyn nog wyn,
rooiwyn vir sy lag en traan en pyn,
want hy wys ons die nuwe wind wat waai
van die vaal tot onder in saldanhabaai.

sirkusmense is in die dorp.
groot tent verrys en die narre staan daar rond,
helderkleur vragmotors kom en gaan,
manne op die stokke
en waens wat eenkant staan.

sirkusmeester knik sy kop,
betree dan die arena, sit sy swart hoed op,
blaas eers op sy fluitjie. afrigter lig sy stok,
seilgordyne gly oop
en die leeus kom uit hul hok.

hoogtou-akrobate – die mense slaak 'n sug –
dwarsoor met eenwielfietse, dan keer hul weer terug.
en eenkant in die donker weggesteek, voel ek klein
want niks is ooit so hartseer
soos die traan van die harlekyn.



trompie

trompie en die boksombende:

dis blikkies, dawie, rooie en boesman die brak.
daar kom trompie en die boksombende
met ingeduike skoene en 'n kettie in die sak,
met ingeduike skoene en paddas in die sak.

kwaggaberg se hoofstraat ken die boksombende;
vir allerhande katterkwaad is hul al 'n legende.
blikkies kou 'n grassie en dawie is die slimkop
en rooie wil sy groottoon roer maar sy ander tone roer ook.

kwaggaberg se kloof is die swemplek van die bende,
by die fort hou hul vergadering in 'n kringetjie gebuk
en dan ontlok hul streke selfs 'n glimlag by bekendes
maar ook 'n frons of twee as hul streke handuit ruk.

want trompie is 'n klong met 'n hemp wat ver uithang,
met kouse op sy skoene en 'n vuil streep oor die wang;
sy ondeunde oë glimlag as hy vir sy vrinne wink
en nuwe manewales word van voor af uitgedink.



straattroebadoere

tussen die donker geheime van die nag speel die straattroebadoere
konka-concerto's vir die suiderkruis, melkweg en maan.
hartseer konsertinas vir die gloeikoolballerinas van die straattroebadoere
en die prinse van die boendoe, die grammadoelaboendoe verlang
en die vure in hul oë wys waar die dixielandparadys hang.

stap saam deur diagonaalstraat,
stap saam na waar die nagwagte praat,
stap saam waar die straattroebadoere
met verlange in hul oë sit en praat.
stap saam deur diagonaalstraat,

danser

dis 'n lang pad van *pushbike ridge*
tot in commissionerstraat
vir 'n man met dans in die voete
en 'n blom in sy hart.
nou vleg sy skoen op die wysies
van 'n vreemde ghitaar
of silwer saxofoonnote
en konsertina saans.

en nou dans hy,
dikosha tsa bopedi,*
so dan dans hy,
dikosha tsa bopedi.
en só dans hy,
dikosha tsa bopedi,

* hoor die pedifluitjies.

dans hy die nag verby,
dans sy verlange verby,
dans sy drome verby,
dans hy die nag verby.

die teater is stampvol gepak
en die kolligte skyn,
die gordyn gly oop en die ganse
gehoor is verstom.
dis 'n lang pad van *pushbike ridge*
tot voor die colosseum.
en nou dans hy om sy hoed voor die teater
in commissionerstraat.



my stellenbosse nonnatjie

o, my stellenbosse nonnatjie roep my,
roep my na die eikelaan.
sy's die mooiste blom wat uit die matieland kom,
sy roep my en ek moet gaan.
o, my stellenbosse nonnatjie roep my,
sy sê sy's lief vir my.
en ek verlang so erg na die papegaaiberg,
sy't gesê ek kan haar kry.

'n vroumens is nes 'n wilde blom;
as jy pluk, dan verlep sy gou.
en 'n roos het dorings om jou weg te hou,
dis haar manier om te sê: "ek's lief vir jou."

'n mansmens is ook 'n snaakse ding;
sê jy nee, dan kerm hy "ja!"
soos 'n kind wat skrou en aanhoudend pla,
dis sy manier om die jawoord wel te vra.

verliefdheid is 'n rare ding;
dis 'n ding wat ek nie verstaan,
want jy sien net sterre en 'n halwe maan
en jou pote's onder jou uitgeslaan.

dis dié dat ek nou ook so sing,
ou poon so flink opsaal.
en die stof lê so dik en die stof lê so vaal,
ons galop om die mooiste blom te haal.

nou hier's ek terug op coetzenburg
en ek ry by die braak verby
en dorpstraat oor tot anderkant voor;



by papegaaiberg wag 'n blom vir my.

